# Styging in matriekslaagsyfer onrealisties, meen kundiges

Alet Rademeyer

PRETORIA. – 'n Verbetering in die 2013-matriekslaagsyfer sal onrealisties wees omdat dit nie 'n goeie onderwysjaar was nie en dinge in skole nie dramaties verbeter het nie.

Só het onderwyskundiges gister gesê, al verwag Umalusi, die Raad vir Gehalteversekering in Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, en die onderwysvakbond Sadou dat die nasionale slaagsyfer gaan styg. In 2012 was dit 73,9%. Mugwena Maluleke, hoofsekretaris van Sadou, meen dit kan met tot vyf persentasiepunte verbeter.

Prof. Sizwe Mabizela, voorsitter van Umalusi, meen die uitslae kan beter lyk omdat die eksamenstelsel besig is om te stabiliseer, kandidate meer voorbeeldvraestelle kon uitwerk ter voorbereiding van die eksamen en onderwysers en leerlinge die kurrikulum beter onder die knie het.

Prof. Moeketsi Letseka, onderwyskenner van Unisa wat ook in die regering se Raad vir Menslike Hulpbronontwikkeling (RMHO) dien, en ander het egter bedenkinge.

"Ons moet vra hoe verbetering moontlik is in die lig van die handboekskandaal in Limpopo, ouers en skole in die Noord-Kaap wat in twiste gewikkel was en talle onderwyserprobleme wat die Oos-Kaap steeds geteister het."

Volgens Letseka wil Angie Mo-tshekga, minister van basiese onderwys, en Umalusi die publiek laat glo hulle is suksesvol, "maar almal kan sien wat aangaan".

Die lewering van handboeke is volgens Letseka nasionaal 'n dilemma. Hy meen ook die meeste onderwysbeleide het standaarde verlaag. Deesdae kan matrikulante universiteit toe gaan met 50% terwyl dit nie in die verlede gebeur het nie. Daar kan nie sprake van verbetering wees as daar steeds 'n halfmiljoen minder leerlinge matriek skryf as wat aanvanklik in gr. 1 ingeskryf is nie, het hy gesê.

"Ons gaan weer vanjaar duisende 'neet'-gevalle hê." "Neet" is die akroniem vir jeugdiges not in employment, education or training .

Volgens Letseka het Suid-Afrika een van die hoogste jeugwerkloosheidkoerse – 40%.

"Die matriekuitslae gaan niks anders as politieke retoriek ten koste van duisende kinders wees nie."

Prof. Elda de Waal, onderwyskenner aan die Noordwes-Universiteit, twyfel ook of 'n verbetering 'n weerspieëling van die ware toedrag van sake sal wees.

Sy meen dit is onvermydelik dat die punte van kandidate aan die onderpunt opgestoot word. " 'n Beter slaagsyfer is nie in hul belang nie, aangesien hulle oor 'n paar maande by instellings sal uitsak en dit nie sal verstaan nie omdat hul matriekuitslae dan so goed was."

Volgens De Waal is 'n verbetering nie moontlik nie weens voortslepende probleme, soos swak dissipline in skole, disrespek vir onderwysers, gebrekkige belangstel-ling van distrikskantore in skole se nood en aanstellings wat aan skole opgedwing word.

Prof. Billy Fraser, onderwyskundige aan die Universiteit van Pretoria, meen 'n styging van meer as 2% sal nie realisties wees nie.

"Die topskole kan nie regtig nog beter doen nie en dus moet ons 'n verbetering by onderpresterende skole sien."

Fraser meen as die meerderheid kandidate weer op baie lae vlakke slaag, is dit nie werklik 'n verbetering nie. 'n Mens sal eerder wil sien of meer kandidate met toelating tot graadstudie slaag.

) Lees ook berig op bl. 10.

) Die matriek-uitslae sal Dinsdag in Volksblad en by www.volksblad.com beskikbaar wees.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n die publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."